# Bybelse pastorale berading en sielkunde

## Prof Gert Breed

Pastoraal is 'n teologiese wetenskap. Dit staan in diens van God en wil deur middel van gesprek onder leiding van die Heilige Gees die lig van die Woord van God ligbringend op die lewe van mense laat val. Die doel is dat hulle toegerus kan word vir roepingsvervulling en diensbaarheid in die koninkryk van God en alle struikelblokke wat in die pad van hierdie vol lewe in God se diens staan, uit die weg geruim kan word. Pastoraat kan nie uit die konteks van die kerk en die koninkryk van God verwyder word nie. Die Opperherder van die kudde en die Koning van die koninkryk, Jesus Christus, gebruik mense wat daartoe geroep is as herders in sy diens. Hulle moet die krag wat uit sy versoenende dood en opstanding voortvloei, genesend en lewensvernuwend bedien. Hierdie diens geskied in die eerste plek aan lidmate van die kerk - mense vir wie Christus sy lewe afgelê het en wat daarom duur gekoop en baie kosbaar is. Hierdie lidmate is opgeneem in 'n verbondsgemeenskap waarin daar vir hulle geen veroordeling in Christus is nie en waarin hulle kan floreer om tot 'n seën vir mekaar en die wêreld te wees. In koninkrykskonteks kan pastoraat ook beskou word as bediening van versoening aan mense wat weens slawerny aan hulle sondige natuur in die regeergebied van die Satan verkeer. Iemand wat hom of haar laat lei deur die vors van die onsigbare bose magte (Ef. 2:2) se lewe en verhoudinge is aan vernietigende kragte uitgelewer. Met 'n visie van God se ryke barmhartigheid en sy wil om vir mense 'n oorvloed van lewe te gee, sal die genade van God in Christus pastoraal aan hierdie mense bedien word, sodat hulle ook uit genade gered kan word.

'n Beradingsmodel waarin nie rekening gehou word met hierdie besondere geloofsverhouding met God in Christus nie en die manier waarop mense uit genade alleen gered kan word nie, loop die wesenlike gevaar om die beradene te begelei tot 'n onbybelse visie waarin selfaktualisering, selfhulp en selfgerigte lewensdoelwitte geaktiveer word. Pastor en beradene kan mislei word deur die oerleuen (Gen. 3:4) om te dink dat ons in staat is om in onafhanklikheid van God onsself te help en van onsself beter mense te maak. Daarom moet 'n Bybelse model vir pastorale hulp aan mense duidelik onderskei word van 'n ideologiese benadering waarin die mens onder die illusie gebring kan word dat hyself deur terapeutiese ingrype sy probleme kan oplos. ('n Voorbeeld van so 'n ideologiese benadering is die insig-georiënteerde psigoterapie waarmee jy in die uitvoer van die opdrag in hierdie leereenheid kennis sal maak)

Die objek van Pastoraal is en bly egter die mens as 'n fisies-psigies-geestelike wese. Psigologie is 'n voorbeeld van 'n belangrike aangrensende wetenskap waarmee rekening gehou sal moet word om nie 'n oorsig te verloor oor die kompleksiteit van die fisies-psigies- geestelike samestelling van 'n menslike wese nie. Psigologiese insigte in verskynsels soos persoonlikheidstipes, verdedigingsmeganismes, psigiese aksente van verskillende ontwikkelingsfases en patologiese manifestasies in menslike gedrag kan van groot waarde wees. Al fokus pastoraat op die geestelike dimensie van geloofsverandering en geloofsgroei, kan dit nie ontken word nie dat geloofsgebeure deur die tregter van psigiese eksponente soos intellek, emosie, gevoel, persoonlikheid, opvoedingsgeskiedenis, traumas, selfbeeld ens. vloei. Kennis van die totaliteit van menswees is nodig om in die pastorale ontmoeting met werklike begrip en diepgang te werk.

Die volgende vergelyking kan gemaak word tussen Insig-georiënteerde psigo-analise (soos gebou op die Freudiaanse pilare vir psigoterapie) en Bybelse pastorale berading (vgl Almy, 2000:17-67)

| Insig-georiënteerde psigo-analise (soos gebou op die Freudiaanse pilare vir psigoterapie) | Bybelse pastorale benadering |
|---|---|
| Voorveronderstellings:<br>• Ateïsme<br>• Selfgesentreerde moraliteit<br>• Determinisme<br>• Outonoom | Voorveronderstellings:<br>• Teïsme<br>• Godgesentreerde moraliteit<br>• Aktiewe vyandskap teen God en die naaste uit 'n sondige hart<br>• Afhanklik van God |
| **Waar kom my probleme/ellende vandaan?**<br>Eerste pilaar: Determinasie deur Omgewingsfaktore | **Waar kom my probleme/ellende vandaan?**<br>Waarheid een: Sondeval. Die mens is van nature geneig om die leuens van Satan te glo en in sonde te leef |
| **Waarom tree ek op 'n onverklaarbare wyse op?**<br>(Voor ek my kom kry, het ek iets gedoen of gesê wat skadelik vir myself en ander mense is; daar is dinge wat ek nie wil doen nie en wat ek voor my siel weet verkeerd is, maar tog het ek skynbaar geen beheer oor hierdie gedrag nie; voor ek my kom kry het ek al weer in 'n onverklaarbare woedebui ontbrand. Dit maak my baie ongelukkig)<br>Tweede pilaar: Psigiese determinisme deur die onderbewussyn. | **Waarom tree ek op so 'n onverklaar-bare wyse op?**<br>Waarheid twee: Die bedrieglike hart van 'n sondevervalle mens. |
| **Hoe kan daar tot die wortel van my ongelukkigheid en probleme deurgedring word?**<br>Derde pilaar: Insig in die werking van die onderbewussyn en die manier waarop dit wat in die onderbewussyn onderdruk word na die oppervlakte toe gebring kan word. | **Hoe kan daar tot die wortel van my ongelukkigheid en probleme deurgedring word?**<br>Waarheid drie: Oortuiging van sonde en besef dat jy verlossing buite jouself nodig het |
| **Wie kan my help om by die wortel van my probleem uit te kom?**<br>Vierde pilaar: 'n Terapeut is nodig om 'n analise van die pasiënt se onderbewussyn te doen, die houvas van negatiewe faktore deur te breek en die pasiënt te lei op die positiewe pad van selfgenesing. | **Wie kan my help om by die wortel van my probleem uit te kom?**<br>Waarheid vier: Alleen deur die bediening van die Evangelie en verligting van die Heilige Gees kan die waarheid vir 'n gelowige oopgemaak word dat hy alleen in Christus in |

| | |
|---|---|
| | 'n herstelde verhouding met God tot genesing kan kom. |
| **Hoe kan ek 'n gelukkiger mens word?**<br><br>Vyfde pilaar: Neem beheer oor jou lewe en maak van jouself 'n beter mens. | **Hoe kan ek 'n gelukkiger mens word?**<br><br>Waarheid vyf: Alleen deur regverdigmaking (inplanting in 'n lewende verhouding met God) heiligmaking (waarin die ou mens daagliks afgesterf word, en as 'n nuwe mens opstaan in Christus), kan daar groei kom in my geestelike lewe en oorwinnings oor die kragte wat my wil neertrek. |
| **Wat is die doel van my lewe?**<br><br>Sesde pilaar: Die plesierbeginsel. (Self-aktualisering en selfbevrediging) | **Wat is die doel van my lewe?**<br><br>Waarheid ses: Om God te verheerlik is die doel van die lewe. |